# AFRIKAANS HUISTAAL

**VRAESTEL 1**
**GRAAD 10**

**JUNIE 2015**

**PUNTE: 70** **TYD: 2 UUR**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taalstrukture en –konvensies (30)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

4. Trek ‘n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ‘n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye

# AFDELING A: LEESBEGRIP
## VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

## TEKS 1: KOERANTBERIG

**Videospeletjies is antwoord vir onderwys van die toekoms**

1. Videospeletjies boei kinders, dit is interaktief en dit is waarskynlik die antwoord vir die onderwys van die toekoms.
2. Só het prof. Lynette van Zijl van die Department Rekenaarwetenskap van die Universiteit Stellenbosch gesê.
3. " Kinders van vandag leer anders as die vorige geslag. Hulle is baie meer interaktief en sal dit verkies om eerder 'n videospeletjie te speel as om stil te sit en na 'n onderwyser te luister."
4. Sy het by navraag gereageer op 'n verklaring van die rekenaarmaatskappy *Intel* wat lui dat die moontlikhede vir videospeletjies in die klaskamer meer oorweeg moet word.
5. Volgens haar het videospeletjies in klaskamers ook 'n sielkundige voordeel vir kinders.
6. Sy het verduidelik dat die onderrigproses in werklikheid 'n soort konfrontasie is. Die onderwyser konfronteer die kind met 'n vraag waarvan hy waarskynlik nie die antwoord ken nie. Die kind gee 'n antwoord en hoop en bid dat dit reg sal wees.
7. Dieselfde vraag kan in 'n videospeletjie gevra word en die kind sal nie dieselfde ongemak ervaar nie.
8. Sy glo egter dat rekenaarspeletjies "baie goed uitgedink" moet wees. " 'n Goeie rekenaarspeletjie moet die kind se aandag kan behou en die regte konsep kan oordra."
9. Me. Ntombezinhle Modiselle, bemarkingsbestuurder van die maatskappy, het gesê kinders van vandag word in 'n era van tegnologie gebore.
10. " Dit was nog altyd 'n bekende feit dat kinders leer wanneer hulle speel. Dit is steeds waar. Die omgewing waarin ons woon, het egter net baie verander."
11. Volgens haar help videospeletjies veral om kinders se kognitiewe vaardighede te ontwikkel.
12. Op die webwerf van *Science Daily* is vroeër vanjaar berig dat daar al hoe meer belangstelling onder navorsers en onderwyskundiges is oor videospeletjies in die klaskamer.

[Uit: *Die Burger*, 15 September 2011]

1.1 Wat word geïmpliseer deur die woorde " die antwoord vir die onderwys van die toekoms."(paragraaf 1) (1)

1.2 Noem twee redes waarom videospeletjies as "die antwoord vir die onderwys van die toekoms" beskou kan word. (2)

1.3 Motiveer waarom paragraaf 1 'n mening is en nie 'n feit nie. (1)

1.4 Watter twee sake word in paragraaf 3 teenoor mekaar gestel? (2)

1.5 Wat wil die skrywer sê deur die insluiting van die woorde "by navraag" in paragraaf 4? (2)

1.6 Herlees paragraaf 5 tot 7 en 9 tot 11. Skryf nou drie voordele van videospeletjies neer. (3)

1.7 Aan watter vereistes moet rekenaarspeletjies volgens prof. Van Zijl voldoen? (2)

1.8 Kies die korrekte antwoord.

Die woord "kognitiewe" (paragraaf 11) verwys na

A. emosies
B. denke
C. handwerk
D. groepwerk (1)

1.9 Skryf die woord uit paragraaf 11 neer wat aantoon dat me. Modiselle nie meen dat videospeletjies alleenlik vir kognitiewe vaardighede help nie. (1)

**EN**

## TEKS 2: KOERANTBERIG

### Skole ‘ het nie tyd en toerusting vir speletjies’

1. Videospeletjies in die klaskamer kan werk, maar waar gaan die tegnologie en tyd vandaan kom?
2. Dít is Wes-Kaapse onderwysers se grootste vrae oor die moontlikheid om videospeletjies in die klaskamer te gebruik.
3. Die Burger het gister berig kenners dink dié hulpmiddel mag dalk nuttig wees, maar moet deeglik ondersoek word.
4. Onderwysers stem saam dat tegnologie ‘n onlosmaaklik deel van die hedendaagse samelewing geword het, maar is skepties oor die moontlikheid om dit in die kurrikulum te gebruik.
5. “My eerste vraag is: Waar gaan die rekenaartoerusting vandaan kom?” het mnr. Johan Batt, hoof van die Hoërskool Labori, gesê.
6. Hy het gesê die meeste skole het net een of twee rekenaarsentrums. As ‘n mens videospeletjies in klaskamers wil gebruik, moet skole amper heeltemal gerekenariseer word.
7. “ Speletjies sal duidelike raakpunte met die kurrikulum moet hê.”
8. Mnr. Brandt du Plessis, onderwyser in Siviele Tegnologie aan die Hoërskool Montana op Worcester, het gesê hulle gebruik dikwels tegnologie in dié vak.
9. “ Dit is belangrik dat kinders steeds sekere vaardighede met ‘n passer en tekenbord moet baasraak.”
10. Hy twyfel sterk of onderwysers veel tyd sal hê om kinders in die klaskamer te laat videospeletjies speel. “ Die kurrikulum is reeds só vol.”
11. Hy dink ook dit is belangrik dat balans gevind moet word tussen kinders se vermoë om met tegnologie te werk en om goeie menseverhoudinge te ontwikkel.
12. Mnr. Benjamin Philander, hoof van die Sekondêre Skool Uitsig, het gesê leerders van dié skool is besonder vaardig met rekenaars.
13. “ Leerders sukkel reeds so baie om inligting in te neem – alle moontlike hulpmiddels moet gebruik word.”

[Verwerk uit: *Die Burger*, 16 September 2011]



Blaai om asb.

1.10 In paragraaf 4 staan geskryf onderwysers is "skepties" oor die gebruik van videospeletjies in die klaskamer. Verduidelik wat hiermee bedoel word. (2)

1.11 Watter twee dinge is volgens mnr Johan Batt (paragraaf 5 – 7) nodig voordat videospeletjies suksesvol in die klaskamer gebruik kan word? (2)

1.12 Noem een rede waarom mnr Brandt du Plessis (paragraaf 8 – 11) dink dat videospeletjies nie in die klaskamer sal werk nie. (1)

1.13 Watter voordeel sal videospeletjies volgens mnr Benjamin Philander (paragraaf 12 – 13) vir leerders van sy skool inhou? (1)

1.14 Teks A en Teks B bevat verskillende sienings oor die onderwerp: *videospeletjies in die onderwys.* Verduidelik hierdie verskil kortliks. (2)

**EN**

**TEKS 3: ADVERTENSIE**

**Privaatbankwese / Beleggingsbankwese / Batebestuur / Eiendomsgroep / Sekuriteite**




WARE AFRIKAAN

Uit eie bodem. En wêreldwys. Met ons voete plat op Suid-Afrikaanse grond en 'n dinamiese teenwoordigheid oor die wêreld heen, bring Investec globale kundigheid en 'n verrassende plaaslike kennis aan elke kliënt. So bly ons relevant, vernuwend en toeganklik vir Suid-Afrikaners wat – nes ons – anders dink. Welkom by jou mede-denkers.

Australië * Botswana * Hong Kong * Ierland * Mauritius
Namibië * Suid-Afrika * Switserland
Verenigde Koningkryk

www.investec.com

INVESTEC

1.15 Watter twee metodes gebruik die kopieskrywer om die leser se aandag op die opskrif van die advertensie te vestig? (2)

1.16 Sê in jou eie woorde wat 'n *Afrikaan* is. (1)

1.17 Na wie of wat verwys " **Afrikaan**" in die opskrif van die advertensie? (1)

1.18 Verduidelik wat met die woord **“ relevant ”** bedoel word? (1)

1.19 Skryf twee opeenvolgende woorde uit die advertensie neer wat direk verband hou met “ **wêreldwys** ”. (1)

1.20 Noem enige diens wat die adverteerder lewer. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

1. Som die belangrike rol wat troeteldiere in die lewe van die mens speel, op.
2. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in SEWE volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde oorskry nie.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ‘n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

### Diertjie, o my Diertjie

Die mens is sedert die vroegste eeue verknog aan diere – of dit nou hondjies, hasies of katjies is, elke mens soek iets behalwe sy eie spesie om te vertroetel en te versorg.

Diere speel egter ‘n baie groter rol in die mens se lewe as om net vertroetel te word. Daar is geen beter manier om jong kinders verantwoordelikheid te leer as om hulle vir ‘n dier te laat sorg nie. Gou besef hulle dat sommige verantwoordelikhede net nie verwaarloos kan word nie.

Nie net in ons huise vervul diere ‘n belangrike funksie nie. Dink byvoorbeeld aan honde wat opgelei is om vermiste mense se spore te volg en hulle in vele gevalle te vind – lewend of dood.

Mens en dier staan soms in ‘n persoonlike verhouding tot mekaar wat alle verstand te bowe gaan. Nie almal van ons het oë waarmee ons kan sien nie. Die funksie wat gidshonde speel om aan blindes ‘n groot mate van onafhanklikheid te gee, is van onskatbare waarde. Die blinde en sy gidshond is onafskeidbaar.

Dit is wetenskaplik bewys dat troeteldiere ‘n belangrike rol in die geestelike welstand van die mens speel. Terminaal siek mense of bejaardes vind ontsaglike baat by die omgang met troeteldiere – al herstel hulle nie fisies nie, word hul geestelike gesondheid gestimuleer.

Honde word dikwels op lughawens ingespan om dwelmmiddels uit te ruik en die dwelmhandel so te bekamp, wat weer tot ‘n gesonder samelewing en verminderde misdaadsyfers bydra.

Op mediese gebied speel honde ‘n toenemende belangrike rol. Honde word reeds opgelei om kankerselle uit te ruik. Dit dra by tot ‘n vroeë diagnose en nog ‘n lewe kan gered word.

**TOTAAL AFDELING B: 10**



Blaai om asb.

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 3: KOERANTBERIG

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Albino-eekhoring kry 'n nuwe tuiste**

1. Kaapstad – Lucy, 'n skaars albino-eekhoring, is een van die nuwe lede van die *World of Birds*-familie.

2. Sy en haar boetie, Moesie – 'n gewone grys eekhoring – het <u>sowat twee weke gelede</u> hul opwagting gemaak nadat hul boom in Vredehoek, Kaapstad, afgekap is.

3. Die boomkappers het hulle gedurende die opruimingsproses gevind en na *World of Birds* in Houtbaai gevat.

4. Hulle word elke aand na hul mens-mamma, me. Clarette Jooste, *World of Birds* se hoofkurator, se huis gevat om nagvoeding te kry.

5. Volgens mnr. Johan Jooste, bestuurder van *World of Birds*, is daar "gewoonlik een of twee (albino) in die Vredehoek-gebied te sien".

6. Lucy en Mossie sal oor ses tot agt maande in *World of Birds* vrygelaat word en elke dag saam met die dertig ander eekhorings kos kry.

[Verwerk uit: *Die Burger*, 8 April 2011]

3.1 Gee die oortreffende trap van: *skaars* (paragraaf 1) (1)

3.2 Benoem die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 2. (1)

3.3 Skryf die intensiewe vorm van *gewone* (paragraaf 2) neer. (1)

3.4 " hul boom" (paragraaf 2)
3.4.1 Wat word werklik bedoel met die woorde "*hul boom*" (1)
3.4.2 Wat bereik die skrywer deur die gebruik van die voornaamwoord "hul" in die konteks van die paragraaf? (1)

3.5 Herskryf die volgende sin in die lydende vorm:
*Die boomkappers het hulle gedurende die opruimingsproses gevind.* (1)



Blaai om asb.

3.6 Gee 'n beter **werkwoord** in par.4, deur dit eers in sy oorspronklike vorm en daarna die verbeterde woord neer te skryf (1)

3.7 Sommige Afrikaanssprekendes spreek die woord *opruimingsproses* as *oprymingsproses* uit.
Hoe word hierdie uitspraakverskynsel genoem? (1)

3.8 Hoe noem ons mense wat in die Kaap (r.1) woon? (1)

3.9 Gee een woord vir *elke dag* (paragraaf 6). (1)
**[10]**

**EN**

## VRAAG 4: RUBRIEK

Lees die rubriek hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

### KRUIP JY OOK AGTER JOU FOON WEG?

1. Hoe beïnvloed tegnologie ons lewens? Wat maak ons met hierdie wonderlike toestelle wat ons almal het? Woensdagoggend sien ek, heel per toeval, die voorblad van die *New York Post*.
2. 'n Moltrein kom die treinstasie binne – op die spoor probeer 'n man, nadat hy daar ingestamp is, weer na veiligheid kom.
3. Die wêreld is in oproer oor dié voorblad. Ek ook. Van my kollegas het my sentiment gedeel, die ander was veels te besig om ernstig oor die saak te kon dink.
4. 'n Vryskut – fotograaf wat vir die *NY Post* foto's neem, neem toe hierdie foto van die trein wat op pad is om 'n Chinese man <u>te pletter te ry</u>. Die koerant <u>publiseer</u> dit volblad – voorblad met die opskrif "Doomed".
5. Ek het gemengde gevoelens. Dit is 'n treffende voorblad. Terselfdertyd is ek bogemiddeld ontsteld, omdat niemand die man gehelp het nie.
6. Wat sou ek doen? Ek <u>glo</u> dat ek die man sou help, maar waarskynlik omdat ek nooit 'n kamera by my dra nie.
7. Ek vermoed as ek op die platform gewag het, as 'n New Yorkse inwoner, sou ek nie vreeslik aandag geskenk het aan die onderonsie wat daar plaasgevind het nie. Ek sou waarskynlik na musiek op my iPhone geluister het en op Twitter gekyk het wat in die wêreld aangaan – minwetend dat waar ek is, die volgende dag hoofnuus sou wees.

8. Ek vermoed dit was die geval vir die meerderheid van die mense daar. 'n Mens kan seker ure lank hieroor sit en praat en die menings gáán verskil.

9. Is jy nie medepligtig aan moord as jy staan en toekyk hoe iemand doodgaan nie? Daar was blykbaar 'n goeie deel van 30 – 45 sekondes om die man te help. Hoekom het húlle nie gehelp nie?

10. Sien, ons almal dink dat iemand anders moet oorgaan tot aksie, en as ons nie wag vir iemand om dit te doen nie, kruip ons agter ons selfone, iPads en wat nog, vir die wêreld en sy probleme weg.
mj@volksblad.com

[Aangepas uit *Volksblad*, 8 Desember 2012]

4.1

**won'der.lik** b.nw en bw. 1 Soos 'n wonder: *Wonderlik getrou*. 2 Eienaardig, sonderling: *'n Wonderlike sameval van omstandighede*. *Dis wonderlik dat hy juis nou gekom het.* 3 Besonder aangenaam, heerlik ens.: *Wat 'n wonderlike ete. Ek dink dis 'n wonderlike voorstel*; *kom ons voer dit dadelik uit.*O juffrou, dit was 'n wonderlike vraestel. *Hy is die wonderlikste persoon wat ek ken.* **won'derlikheid.**

Gebruik bostaande uittreksel uit die HAT (2000) om die vraag te beantwoord.

4.1.1 Watter betekenismoontlikheid van *wonderlik* is van toepassing in paragraaf 1? (1)

4.1.2 Gebruik *wonderlik* as 'n bywoord in 'n sin. (1)

4.1.3 Skryf die lettergreep neer waarop die meeste klem in *wonderlik* val. (1)

4.2 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:
Skoolkoerante het gewoonlik 'n kleiner (voorblad) as bekende groot koerante. (1)

4.3 Verduidelik wat die onderstreepte idiomatiese uitdrukking in paragraaf 4 beteken. (1)

4.4 Lei 'n selfstandige naamwoord van die onderstreepte woord in paragraaf 4 af. (1)

4.5 Skryf 'n onvoltooide deelwoord uit paragraaf 5 neer. (1)

4.6 Gebruik die onderstreepte woord in paragraaf 6 as 'n ander woordsoort in 'n sin. (1)

4.7 Skryf die tweede getal in paragraaf 9 in woorde. (1)

4.8 Waarna verwys <u>*dit*</u> in die laaste paragraaf? (1)

**[10]**

## VRAAG 5: VISUELE TEKS

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




5.1 Gebruik die woord *omdat* en vorm EEN sin van die twee sinne hieronder:
Ek is bang.
Daar is ‘n monster onder my bed. (1)


5.2 Wat is die woordsoortelike funksie van die onderstreepte woorde:
5.2.1 Daar <u>is</u> ‘n monster onder my bed. (1)
5.2.2 Idees vol <u>vrees</u>. (1)

5.3 Voltooi die uitdrukking:
Wanneer ‘n mens baie bang is, is jy **so bang soos die duiwel vir ‘n** ……. (1)

5.4 Verduidelik in een volsin waarom hierdie prent doeltreffend is. (1)

**EN**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




5.5 Gee die meervoud van die onderstreepte woorde:

5.5.1 Die skrywer van die strokie is Danie <u>Cronjé.</u>

55.2 Die man werk in die <u>laboratoriums</u>. (gee die ander meervoud van dié woord) (2)

5.6 Skryf die sin oor deur die korrekte vorm van woord/e tussen hakies te gee:
Die 5.6.1 (op + wen) onderwyser het maar 5.6.2 (bedrieg) daarvan afgekom. (2)

5.7 Skryf die hoofsin van die onderstaande sin neer:
As ‘n mens die rooi vloeistof by die geel vloeistof gooi, dan weet ‘n mens dit moes eintlik die blou vloeistof gewees het. (1)

**[10]**

**TOTAAL: [30]**

**GROOTTOTAAL: [70]**